Ps 118: 1, 2. | Die Geheim v.d. Bou v.d. Godshuis. | Primrose Oos Suid...
Ges. 152: 1, 2 | Ges 94: 1, 3 | Haggai 2: 1-9 | 30 Nov. 1957.
„ 154: 2. | Sagaria 4: 1-14. | HHL ... 6 Junie 1959 | Patch 7 Junie 1959

Sag. 4: 6 - Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here v.d. leërskare.

Dis die jaar 538 v.X. - die jaar wat in d. bondsvolk Israel vir 70 jr. reeds in Babel in ballingskap verkeer. Vir 70 lange jare het die harpe a.d. wilgers gehang en het hulle uitgeroep: „Hoe sou ons d. lied v.d. Here kan sing in 'n vreemde land?" - Maar nou is alles verby - want God het dit beskik dat d. volk kan terugkeer na Palestina. In d. voorjaar v. 536 was d. eerste aanstaltes gemaak om d. verwoeste tempel te herbou. Daarna egter, kom d. werk vir 16 jr. tot stilstand totdat G ons vir Haggai (521) en daarna vir Sagaria (520) gebruik om deur hulle kragtige prediking en weggalmende wekroep die volk uit hulle doodslaap te skud en op te roep tot d. herbou v.d. tempel.

Waar Haggai hoofs. roep om d. herbou en belofte doen omtrent d. heerlikheid v.d. tempel, daar tree Sagaria dit aan deur te beklemtoon wat God wil alles deur d. herbaude tempel aan sy volk skenk. // Hierdie boodskappe gee G aan Sagaria hoofs. in agt naggesigte - waarvan die vyfde deur ons gelees is: die gesig v.d. goue kandelaar met sy oliekan bo hom, v.d. sewe lampe, elkeen verbind a.d. oliekan en die twee olyfbome langs hom wat d. olie a.d. lampe voorsien.

As Sagaria a.d. engel vra: wat beteken dit my heer? dan kry hy geen direkte antwoord as uitleg nie ms. net die woorde: „Nie deur krag of geweld nie, maar deur my Gees, sê d. Here v.d. leërskare."

Waarom hd. antwd? Hoe verklaar?

(1) Die Kandelaar met sy sewe lampe is in Gods
hd. altyd d. simbool van d. heiligheid. d. alom-teenwoordigheid
van God in sy huis, d. volmaakte (7); die olie in d. H.S.
altyd d. simbool v.d. H. Gees wat brand in mense-
harte, wat d. lig ontsteek in donker plekke; ter-
syde d. olyfbome d. bron aandui waaruit die
Gees neerdaal op Gods volk d.w.s. = Gods

Daarom is hd. Kandelaar i/d tempel geplaas as
teken vir alle tye a.d. volk: hier woon God, hier skyn Gods
lig i/d donker, hier word Gods stem gehoor!

En nou kom Sagaria en roep d. hele volk
op tot d. grootse en glorieryke werk v. tempelbou
maar terselfdertyd wys hy Israel op sekere baie
belangr. waarhede: wys hulle

I Waardeur Gods huis nie gebou word: „Nie
deur krag of geweld". Vir d. geestestoestand v. moe-
deloosheid v. onverskilligheid wat d. teruggekeerde volk beheers
het, en waarin hulle sou gryp na enige magsmiddele
om d. tempel te herbou, was dit nodig om te
waarsku: Nie deur krag of geweld nie. Oorgangstyd
Maar hd. krag of geweld is nie net die
v. wapens nie – ook d. krag v. mensl. organisasie,
van geen propaganda, van uiterl. vertoon is
nie by magte om Gods huis te bou en d. Kandelaar
te laat brand nie. // Hoe maklik gee ons nie
baie kere klaar toe nie – deur ons spesiale
Sondae, ons berigte oor groot bydraes, oor
toenemende getalle! Hoe maklik verval ons
dan ook nie i/d dodelike gevaar waarin d.
Joodse volk verval het dat hulle d. tempel
gaan aanbid het i.p.v. d. God v.d. tempel;
dat d. gebou alles geword het i.p.v. die God
wie hulle gebou het! § Mag v.d. wette v.d. land

Dis asof d. Here toe reeds a.d. volk sê:
As dit d. rede is waarom julle 'n godshuis bou,
dan bou julle tevergeefs: dan gaan d. Kandelaar
dood, die olie gaan uit!

Mag v.d. wette v.d. land:

→ Gods Koninkryk soos 'n mosterdsaad!

II Waardeur Gods huis wel gebou word: „Deur my
Gees, sê die Here v.d. leërskare".

Geen mensl. middel, geen mensl. mag, geen
mensl. woord kan d. Koninkryk v. God bou nie:
Alles is van God – alle lewe is uit God.
Alleen deur sy Gees: Gees Dis sy Gees wat i/d Skepping werksaam was
om d. lewe in aanskyn te roep („En d. Gees v.
God het gesweef op d. waters") Dis dieselfde
Gees wsfr. Joël geprofeteer het: „En daarna sal
Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns
en julle dogters sal profeteer, julle ou manne
drome droom, julle jongelinge gesigte sien" (2:28)
Dis dieselfde Gees van Wie Xtus getuig het: „As
iemand nie gebore word uit water en Gees nie,
kan hy in die Koninkryk v. God nie ingaan nie".
Dis hd. Gees wat Jesus Xt. as blymoedige gawe
v. God aan d. Kerk geskenk het op Pinkster-
dag toe Hy gesê het: „Ontvang d. H. Gees"!

En hd. Gees het Hsself deur d. eeue
betuig as 'n Gees v. lewe, waarheid, van geregtig-
heid, van reinheid, van nederigheid, van
opsoekende liefde, van heengemeenskapsgesindheid,
van opofferendheid, van godd. aktiwiteit,
→ 'n Gees wat d. wêreld nie ken nie omdat
d. gees v.d. wêreld een is van uiterlike
grootheid, van hoogmoed v. ydelheid, van
onreinheid v. ongebondenheid . . .

En vir Sagaria lê die Here d. enigste waarheid i/d mond om aan sy volk, sy Kerk van alle eeue oor te dra: My Kerk en my Koninkryk word alleen gebou deur d. ingryping v Gods Gees in bedorwe mensehart e – deur d. radikale ommekeer v. mense se lewens sodat wat eers bo was nou onder is, en wat onder was, nou bo is // En waar hd. Gees v God nie besit neem v.d. harte van mense nie, daar bou ons hermiet Godshuise, en daar steek ons hermiet kandelaars op! Die lampe gaan dood!

III Wanneer Godshuis nooit onbreek word: wat gebeur wanneer Gods huis so gebou word?

(1) Gods Gees sal vaardig word: mense sal tot bekering kom, mense lig sal opgaan, mense lewe sal uit d. dood kom – 'n gees v liefde en warmte en samehorigheid sal d. hele gemeente v d. hele Kerk deurtrek!

(2) Gods gemeente sal ~~gebou~~ geseënd word: Gewaarde i/d wil v God, versterk i/d geloof, d. basiese uitdra op elke terrein v.d. lewe: opvoeding, arbeidslewe, rasseverhoudinge, polit. lewe, maatsk. oorsig v probleme, ekon. sfeer, sedel. beskouinge.

(3) Gods Koninkryk sal uitgebrei word: Waar 'n gemeente 'n godshuis opgerig het i/d Gees van die
Sag. 4:6 daar sal dinge gebeur: daar sal die gemeente so dankbaar wees vir Gods. geest. seëninge dat hulle onmiddellik sal sê: ons mag dit nie vir onsself hou nie! Daar sal hulle ook wil sê: Vir elke £, wat ons vir ons eie behoeftes gebruik wil ons minstens £ gee vir d. uitbreiding v G's Koninkryk! // Vir elke godshuis vir onsself gebou, 'n godshuis vir ander help bou! //

Dan d. Kandelaar ~~hiddel~~ hoog uitstaan, d. lampe helder brand! Mag dit eendag van ons gesê word — (sien Openb. 2:5)